



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**NATIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**EKONOMIE V1**

**NOVEMBER 2019**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 22 bladsye.**

**AFDELING A (VERPLIGTEND)****VRAAG 1****1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

- 1.1.1 B – opswaai ✓✓  
 1.1.2  $A - G + I + X > S + T + M$  ✓✓  
 1.1.3 D – samevallende ✓✓  
 1.1.4 B – absolute voordeel ✓✓  
 1.1.5 A – belastinginkomste en belastingkoers ✓✓  
 1.1.6 D – reële BBP ✓✓  
 1.1.7 C – Geïntegreerde Vervaardigingstrategie ✓✓  
 1.1.8 C – die invloed op inflasie en werkloosheid ✓✓ (8 x 2) (16)

**1.2 BYPASSENDE ITEMS**

- 1.2.1 F - Uitvloeï van geld uit die ekonomie ✓  
 1.2.2 D - Faktore wat onafhanklik van mekaar sakesiklusse beïnvloed en buite die ekonomie ontstaan ✓  
 1.2.3 I – Die welstand van mense word deur gesondheid, onderwys en inkome bepaal ✓  
 1.2.4 A – Beraam syfers of neigings in die toekoms uit feite wat bekend is ✓  
 1.2.5 H - Koop van finansiële bates soos aandele in maatskappye op die effektebeurs van 'n ander land ✓  
 1.2.6 B - 'n Land se uitvoerpryse word met sy invoerpryse vergelyk ✓  
 1.2.7 G – Die totale waarde van finale goedere en dienste geproduseer binne die grense van 'n land vir 'n spesifieke periode ✓  
 1.2.8 C - Die verwydering van wette, regulasies en reëls deur die owerheid ✓ (8 x 1) (8)

**1.3 GEE DIE TERM**

- 1.3.1 Vermenigvuldiger-effek ✓  
 1.3.2 Trog ✓  
 1.3.3 Privatisering ✓  
 1.3.4 Appresiasie ✓  
 1.3.5 Vryhandel ✓  
 1.3.6 Demografie ✓ (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B**

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 **Noem TWEE tipes sakesiklusse wat in 'n markeconomie aangetref word.**

- Kitchin-siklus ✓
- Juggler-siklus ✓
- Kuznets-siklus ✓
- Kondratieff-siklus ✓

(2 x 1) (2)

2.1.2 **Hoekom sal 'n styging in invoertariewe die Suid-Afrikaanse ekonomie bevoordeel?**

'n Styging in invoertariewe sal die ekonomie bevoordeel omdat:

- invoere sal afneem wat buitelandse valuta spaar ✓✓
- dit sal lei tot 'n styging in binnelandse produksie ✓✓
- die inkomste aan die regering toeneem deur direkte en indirekte belasting ✓✓
- die betalingsbalans deur verminderde invoere verbeter ✓✓
- plaaslike nywerhede beskerm word teen niemededingende prysbepaling wat hulle uit die mark dwing ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

2.2 **DATARESPONS**

2.2.1 **Noem enige EEN staatsbeheerde onderneming in die land.**

SAA / Eskom / Transnet / Poskantoor / SA Express / Denel ✓  
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

(1)

2.2.2 **Wat is die huidige BTW-koers in Suid-Afrika?**

15% ✓

(1)

2.2.3 **Beskryf kortliks die term mediumtermyn-begrotingsbeleidsverklaring.**

Die MTBBV maak aanpassings rakende veranderinge in die ekonomie sedert die hoofbegroting / dit is gebaseer op die MTBV en deel die ontwikkelings in die openbare beleid wat die volgende en daaropvolgende begrotings sal vorm ✓✓  
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

(2)

2.2.4 **Verduidelik kortliks die verband tussen die hoofbegroting en die MTBR.**

Die hoofbegroting word gerig deur die MTBR wat verwagte inkomste en besteding vir 'n drie-jaar periode beraam ✓✓  
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.2.5 **Wat kan die owerheid doen om die huidige finansiële uitdagings van staatsbeheerde ondernemings op te los?**

Die huidige finansiële uitdagings kan opgelos word deur:

- te verseker dat die fiskale- en monetêre bestuur verbeter ✓✓
- te verseker dat behoorlike mensekapitaal gesoek en verkry word ✓✓
- die interne/eksterne ouditkontrolestelsels versterk word ✓✓
- verandering in bestuur om aanspreeklikheid te verseker ✓✓  
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

2.3 **DATARESPONS**

2.3.1 **Identifiseer die jaar wat tans deur die Reserwebank as 'n basisjaar gebruik word.**

2010 ✓ (1)

2.3.2 **Noem enige EEN voorbeeld van 'n nieduursame goed.**

- Kos / drank / tabak ✓
- Huishoudelike brandstof / krag / water ✓
- Huishoudelike verbruikersgoedere ✓
- Mediese- en farmaseutiese produkte ✓
- Petroleum produkte ✓
- Rekreasie- en ontspanningsgoedere ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

(aanvaar enige goedere onder bogenoemde kategorieë) (1)

2.3.3 **Beskryf kortliks die term *teen konstante pryse*.**

Konstante pryse verteenwoordig die werklike waarde van nasionale inkomesyfers waar inflasie uitgesluit is ✓✓ (2)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

**2.3.4 Hoekom is daar 'n toename in huishoudelike besteding terwyl werkloosheid voortdurend styg?**

Die styging in huishoudelike besteding is as gevolg van:

- 'n toename in geld wat van finansiële instellings geleen word ✓✓
- spaargeld en beleggings wat gebruik word om die lewenstandaard te handhaaf ✓✓
- 'n toename in oordragbetalings bv. sosiale toelaes ✓✓
- 'n styging in staatsbesteding / programme bv. UPWP ✓✓
- 'n toename in informele sektor aktiwiteite as 'n bron van inkome ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

(2)

**2.3.5 Hoe sal 'n styging in die terugkoop (repo-) koers die ekonomie beïnvloed?**

'n Styging in die terugkoopkoers, sal

- banke dwing om hul rentekoerse opwaarts aan te pas wat krediet duurder maak ✓✓
- krediet sal duurder raak, wat sal lei tot 'n daling in die vraag na goedere en dienste wat produksie sal laat daal ✓✓
- tot laer produksie lei wat tot 'n styging in werkloosheid en kleiner belastinginkomste aan die staat lei ✓✓
- lei daartoe dat huishoudings lenings en bankoortrekkings terug betaal, minder geld is beskikbaar en krediet raak duurder ✓✓
- daartoe lei dat huishoudings wat rente op vaste deposito's en besparings verdien voordele van 'n hoër opbrengs op deposito's/besparings wat behoeftebevrediging positief beïnvloed, geniet ✓✓
- meer buitelandse investering aantrek as gevolg van beter opbrengste ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

(2 x 2)

(4)

**2.4 Gebruik die grafiek om die impak van 'n toename in uitvoere na China op die waarde van die rand te verduidelik.**

- 'n Styging in die uitvoere van Suid-Afrika na China sal die aanbodkromme regs laat skuif (van AA na A1A1) wat 'n styging in die vraag na rand veroorsaak ✓✓
- Dit sal lei tot 'n styging in die hoeveelheid aangebied van joean (van 100 eenhede na 150 eenhede) ✓✓
- Die waarde van die joean sal depesieer van R2,00 tot R1,40 / die waarde van die rand appesieer ✓✓
- Die situasie sal baie goed bestuur moet word, omdat die geappesieerde geldeenheid produkte minder bekostigbaar maak wat uitvoere laat daal ✓✓
- Die waarde van die rand het gestyg in terme van die joean ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

(Maks 8)

(8)

**2.5 Met verwysing na die Phillips kromme, ontleed die verband tussen inflasie en werkloosheid.**

- Die Phillipskromme toon dat inflasie sal styg as daar minder werkloosheid is (trade-off/opweeg) ✓✓
- Vaardigheidsontwikkeling en verbeterde onderrig wat indiensneming verbeter sal 'n styging in die vraag na goedere en dienste skep wat sal lei tot inflasie ✓✓
- 'n Baie hoë inflasie kan lei tot stagflasie (hoë inflasie en hoë werkloosheid) as gevolg van 'n daling in die vraag na goedere en dienste en aanleiding gee tot minder indiensneming ✓✓
- Inflasieteikens (3 – 6%) sal keer dat stagflasie voorkom (hoë werkloosheid) ✓✓
- Die vraag na goedere en dienste kan gestimuleer word sonder 'n toename in indiensneming ✓✓
- Die werker (verbruiker) mag gebruik maak van verlengde kredietfasiliteite om dieselfde lewenstandaard te geniet sodra hulle prysstygings ervaar ✓✓
- Verskeie eksterne faktore mag werkskepping beïnvloed in 'n land soos die tendens om finale goedere in te voer wat die keuse van verbruikers mag verbeter sonder om die werkloosheidsprobleem op te los ✓✓
- Die depresiasie van die rand mag lei tot prysstygings wat nie noodwendig werkloosheid sal verminder nie ✓✓
- Kapitaalintensiewe produksieprosesse sal nie noodwendig tot verdere werkskepping bydra nie ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante hoër-orde-antwoord)

(8)  
[40]

**VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES****3.1 Beantwoord die volgende vrae.**

**3.1.1 Noem TWEE tipes ekonomiese aanwysers wat met prysveranderinge verband hou.**

- PPI ✓
  - VPI ✓
- (2 x 1) (2)

**3.1.2 Wat kan die plaaslike owerheid doen om protesoptogte oor dienslewering te voorkom?**

- Verseker dat onderhoud van infrastruktuur, skoon water, sanitasie en afvalverwydering in plek is ✓✓
  - Munisipaliteite behoort uitstekende dienste voortdurend aan hul gemeenskappe te lewer ✓✓
- (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

**3.2 DATARESPONS**

**3.2.1 Watter ekonomiese aanwyser word in die uittreksel hierbo belig?**

Indiensneming / produksie ✓ (1)

**3.2.2 Noem die sosiale aanwyser wat die toegang tot elektrisiteit insluit.**

Dienste ✓ (1)

**3.2.3 Beskryf kortliks die term *globalisering*.**

Globalisering is die wêreldwye raakpunte en interaksie van ekonomieë, met handel as belangrike element wat deur inligtingstechnologie moontlik gemaak is ✓✓  
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

**3.2.4 Watter impak sal 'n tekort aan opgeleide werkers op wêreldhandel hê?**

- Dit sal internasionale handel verminder as gevolg van verhoogde produksiekoste wat mededingendheid verminder ✓✓
  - Dit sal die ongelijkheidsgaping tussen lande vergroot waar gevorderde ekonomieë deur die nuutste tegnologie bevoordeel word ✓✓
  - Verlaag internasionale handel as gevolg van swak gehalte produkte wat geproduseer word ✓✓
- (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

### 3.2.5 **Hoe kan onderwys as sosiale aanwyser ongelykhede verminder wat wêreldwyd ondervind word?**

Onderwys as sosiale aanwyser kan ongelykheid verminder deur:

- skepping van vaardighede en kennis nodig vir tegnologies gevorderde ekonomieë ✓✓
- verskaffing van 'n effektiewe onderwys en opleiding vir almal, byvoorbeeld die geen-fooi skolestelsel / voedingskema / finansiering van tersiêre onderrig of vakleerlingskappe ✓✓
- verhoogde toeken van fondse uit die begroting om vir voldoende infrastruktuur voorsiening te maak ✓✓
- konstante ontwikkeling en indiensopleiding wat lewenslange leer en opgradering van vaardighede en kennis verseker ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

## 3.3 **DATARESPONS**

### 3.3.1 **Identifiseer die eerste owerheidsbeleid wat in 1994 geïmplementeer is om die wanbalans van die verlede te oorbrug.**

HOP ✓

(1)

### 3.3.2 **Gee EEN doelwit van die Nasionale Ontwikkelingsplan.**

- Elimineer werkloosheid ✓
- Uitroei van armoede ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

(1)

### 3.3.3 **Beskryf kortliks die term *ekonomiese ontwikkeling*.**

Ekonomiese ontwikkeling is 'n styging in die per capita inkome wat lei tot 'n verbeterde lewenstandaard ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

(2)

### 3.3.4 **Hoekom het AsgiSA misluk?**

AsgiSA het misluk omdat dit nie die doelwit van halvering van werkloosheid en uitroei van armoede teen 2014 bereik het nie ✓ omdat:

- 'n gemiddelde groeikoers van 6% nie bereik kon word nie ✓✓
- stabiele wisselkoerse nie bereik is nie ✓✓
- vaardigheidsontwikkeling tekort skiet ✓✓
- goeie staatsbestuur (publieke administrasie) nie bereik is nie ✓✓
- 'n massiewe investering in infrastruktuur 'n belangrikste strategie van die staat was, alhoewel 'n massiewe agteruitgang van paaie bespeur word ✓✓
- gefokus is op bou van klein ondernemings om die gaping tussen die formele en informele ekonomie te oorbrug alhoewel werkloosheid nie opgelos is nie ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

(2)



### 3.3.5 Hoe sal Suid-Afrika binne 'n dinamiese globale omgewing voordeel trek as die NOP slaag?

As die NOP slaag sal Suid-Afrika bevoordeel word deur:

- deelname in wêreldhandel en investering om die wêreld ekonomie en internasionale politiek te hervorm ✓✓
- verskyning van nuwe verbruikers in ontwikkelende lande sal geleentheid vir alle ekonomieë verbreed ✓✓
- 'n stygende vraag na kommoditeite en uitbreidende markte ✓✓
- mededinging in vervaardiging en inligtingstechnologie maak dienslewering moontlik dat internasionale mededinging vergroot ✓✓
- genieting van die vloeï van mense, kapitaal, idees en tegnologie ✓✓
- deelname aan streeksamewerking in Afrika waar buurlande water kan voorsien in ruil vir lae-koolstof energie in Suidelike Afrika ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

### 3.4 Verduidelik die rol van internasionale instellings in die standaardisering van 'n land se aanwysers.

- Die internasionale instellings betrokke by standaardisering is die Internasionale Monetêre Fonds, die Wêreldbank en Verenigde Nasies ✓✓
- Oorbruggingsfinansiering vir betalingsbalans-tekorte word deur die IMF betaal as die betalingsbalanse volgens hulle voorskrifte opgestel is ✓✓
- Die IMF fokus fisies op staatsfinansies statistiek rakende publieke finansies rekeningkunde, en baseer hul voorspellings slegs op transaksies wat inderdaad plaasgevind het en die wat verwag word om te gebeur ✓✓
- Die Wêreldbank is verantwoordelik vir ontwikkelingshulp en is die wêreld se grootste bron van finansiële bystand ✓✓
- Die Verenigde Nasies is verantwoordelik vir kinderbystand deur die Unicef ✓✓
- Die Verenigde nasies is voorskriftelik in die gebruik van die Stelsel van Nasionale Rekeninge wanneer produksie, inkome en bestedingsrekeninge opgestel word ✓✓
- Ekonomiese- en sosiale aanwysers is belangrik omdat internasionale hulp en befondsing aan organisasies, spesifikasies het hoe dit opgestel moet word ✓✓
- Lande sal geen voordele geniet as hul aanwysers nie beskikbaar of in lyn met die instellings se vereistes is of wanneer prestasies nie 'n lid se hulp of befondsing toon nie ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (4 x 2) (8)

### 3.5 Hoe kan ongelyke lewenstandaarde wat met die Noord-Suidverdeling, verband hou, hanteer word?

Ongelyke lewenstandaarde kan hanteer word deur:

- skepping van surplusse op die BBP wat lande spaar en belê in hul ekonomieë en aanleiding gee tot hoër lewenstandaarde ✓✓
- styging in die per capita inkome in ontwikkelende lande in die Suid deur verhoogde buitelandse investering wat aanleiding gee tot verhoogde ekonomiese groei ✓✓
- te fokus op grootskaalse nywerheidsaktiwiteite en 'n wye verskeidenheid dienste waar meer mense betrokke kan raak by ekonomiese aktiwiteite wat lei tot 'n styging in inkomstevlakke ✓✓
- die owerheid meer bydra deur meer belastings te hef om beter dienste te verskaf ✓✓
- verhoging van die lewensverwagting in ontwikkelende lande wat gebuk gaan onder siektes en swak gesondheid deur betrokkeheid van ontwikkelde lande waar die nuutste navorsing en tegnieke gepraktiseer word ✓✓
- te fokus op die geveg teen ondervoeding en ernstige siektes soos HIV Vigs ✓✓
- standaard van onderwys te verhoog deur effektiewe interaksie met die betrokke partye betrokke by menslike ontwikkeling ✓✓
- die vlak en effektiwiteit van onderwys beskikbaar te stel, soos uitgedruk deur die volwassene geletterdheidskoers ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

(8)

**[40]**

**VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES****4.1 Beantwoord die volgende vrae.**

4.1.1 **Noem TWEE tipes markte wat deel van die finansiële stelsel vorm.**

- Geld ✓
- Kapitaal ✓
- Buitelandse wisselkoers ✓ (2 x 1) (2)

4.1.2 **Hoekom is dit belangrik om bewegende gemiddeldes in die vooruitskatting van sakesiklusse te gebruik?**

Dit verwyder fluktuasies in ekonomiese data wat dit makliker maak om sakesiklusse ('n spesifieke neiging) te voorspel ✓✓  
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

**4.2 DATARESPONS**

4.2.1 **Identifiseer die land in die uittreksel wat aan die G8-groep lande behoort.**

Verenigde Koninkryk ✓ (1)

4.2.2 **Wat is die impak van korrupsie op volle indiensneming as makro-ekonomiese doelwit?**

Indiensneming daal / Werkloosheid styg ✓  
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1)

4.2.3 **Beskryf kortliks die term *betalingsbalans*.**

Dit is die opteken van alle finansiële transaksies tussen een land en die res van die wêreld vir 'n spesifieke periode gewoonlik een jaar ✓✓  
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.2.4 **Hoekom sal openbare sektor mislukking tot ekonomiese onstabieleit lei?**

Foutiewe gebruik van die fiskale beleid sal nie:  

- pryse effektief stabiliseer nie / betalingsbalans regstel nie / meer werk skep nie ✓✓

 Publieke sektor mislukking word aangetref as basiese behoeftes nie bevredig word in 'n land nie en aanleiding gee tot 'n daling in die lewenstandaard (ondoeltreffende toedeling van hulpbronne) ✓✓  
 (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

#### 4.2.5 **Hoe kan buitelandse direkte investering die groeiakoers in Suid-Afrika beïnvloed?**

Die ekonomiese groeiakoers sal positief geraak word as:

- buitelanders hul BDI in Suid-Afrika vergroot, produksie van goedere en dienste stimuleer wat lei tot verhoogde ekonomiese groei ✓✓
- indiensneming styg, verbruiksbesteding sal toeneem wat verdere produksie stimuleer ✓✓

Die ekonomiese groeiakoers sal negatief geraak word as:

- buitelanders onseker voel as gevolg van staatskaping, korrupsie en misdaad en hul BDI uit Suid-Afrika onttrek ✓✓
  - produksie sal negatief geraak word en ekonomiese groei sal daal ✓✓ (Enige 2 x 2)
- (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (4)

### 4.3 **DATARESPONS**

#### 4.3.1 **Noem enige EEN land wat 'n lid van BRICS is.**

China, Brasilië, Suid-Afrika, Rusland, Indië ✓

(1)

#### 4.3.2 **Wat is die doel van BRICS?**

BRICS streef na ontwikkeling van alle lidlande / stygende investering / toename in handel / bevordering van integrasie tussen lidlande ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

(1)

#### 4.3.3 **Beskryf kortliks die term *resessie*.**

'n Negatiewe ekonomiese groeiakoers vir ten minste twee opeenvolgende kwartale / verwys na 'n daling in die vlak van ekonomiese uitset wat ten minste vir 6 maande duur ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

(2)

#### 4.3.4 **Hoekom sal 'n resessie 'n groter uitwerking op opkomende markeonomieë as op ontwikkelde ekonomieë hê?**

- Gedurende 'n resessie neig ontwikkelde ekonomieë om hul finansiële hulp aan opkomende markeonomieë te onttrek om te poog om hul eie interne kwessies op te los ✓✓
- 'n Gebrek aan kapasiteit om aanvaarbare ekonomiese groeiakoerse te bereik ✓✓
- Opkomende markeonomieë het meer uitdagings byvoorbeeld hoë werkloosheid, 'n gebrek aan infrastruktuur en groter kwesbaarheid in 'n resessie ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

(2)

#### 4.3.5 Hoe kan lande voordeel trek uit internasionale handelsooreenkomste?

Lande sal voordeel trek deur:

- verminderde tariewe op in- en uitvoere te geniet ✓✓
- vasmaak van kredietlyne tussen lidlande ✓✓
- versterking van verhoudings in die velde van handel en investering ✓✓ byvoorbeeld ekonomiese samewerking, wetenskap en tegnologie, kultuur en kuns en dialoog oor internasionale kwessies ✓
- verbeter wêreldwye doeltreffendheid ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

#### 4.4 Verduidelik kortliks die rol van *huishoudings* en die *sakesektor* in die ekonomiese kringloopmodel.

HUISHOUDINGS:

- Huishoudings is die grootste verbruikers van ekonomiese goedere en dienste ✓✓
- Huishoudings is die primêre ekonomiese deelnemers omdat hulle die eienaars van die vier produksiefaktore is ✓✓
- Huishoudings verkoop produksiefaktore in die faktormark aan besighede ✓✓
- Huishoudings betaal belasting aan die owerheid ✓✓
- Huishoudings ontvang vergoeding vir produksiefaktore (huur, loon, rente en wins) ✓✓
- Huishoudings gebruik hul inkome om verbruikersgoedere en dienste op produkmarkte te koop om hul behoeftes te bevredig ✓✓ (Maks 4)

SAKESEKTOR:

- Firms koop die produksiefaktore van die huishoudings in die faktormark ✓✓
- Firms gebruik die produksiefaktore om goedere en dienste te produseer ✓✓
- Besighede verkoop goedere en dienste aan huishoudings, die owerheid en die buitelandse sektor ✓✓
- Besighede ontvang 'n inkomste van die ander drie deelnemers (huishoudings, owerheid en buitelandse sektor) ✓✓
- Besighede tree op as kopers in die faktormark en verkopers in die goederemark met wins as doelwit ✓✓ (Maks 4)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 4) (8)

**4.5 Hoe kan die monetêre beleid tot ekonomiese groei bydra?**

Die monetêre beleid dra tot ekonomiese groei by deur:

- 'n verhoging in die geldvoorraad om meer krediet aan huishoudings en maatskappye voor te skiet, wat verbruik en produksie positief sal beïnvloed ✓✓
- afwaartse aanpassing van rentekoerse om verbruikers in staat te stel om meer geld te leen, wat vraag na goedere en dienste stimuleer en produksie positief beïnvloed ✓✓
- implementering van opemarktransaksies deur terugkoop van sekuriteite en obligasies en meer geld vir lenings beskikbaar maak ✓✓
- bestuur wisselkoersbeheer deur met SARB saam te werk om die inflasiekoerse te bestuur sodat die ekonomie nie benadeel word nie ✓✓
- 'n verlaging van die kontantreserwevereistes wat banke sal toelaat om meer geld uit te leen wat produksie sal stimuleer ✓✓
- Oorreed handelsbanke (morele oorreding) om meer geld in 'n resessie uit te leen wat sal verseker dat die produksie van goedere nie daal nie ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

(8)  
[40]

**TOTAAL AFDELING B: 80**

**AFDELING C****VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE**

- **Ondersoek Suid-Afrika se uitvoerbevoordering handelsbeleid. (26 punte)**
- **Evalueer die sukses van beskerming as 'n handelsbeleid om nywerhede teen buitelandse mededingers te beskerm. (10 punte)** [40]

**INLEIDING**

- Uitvoerbevoordering behels die verskaffing van aansporings om plaaslike besighede aan te moedig om goedere vir uitvoer te produseer ✓✓
- Wanneer die owerheid aansporings betaal om produksie van goedere aan te moedig wat uitgeoer kan word ✓✓  
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks 2)

**INHOUD: HOOFDEEL****Metodes van uitvoerbevoordering:**

- Aansporings: ✓
  - Behels 'n program wat deur EMIA geadministreer word, en mik daarna om uitvoerders vir koste aangegaan te kompenseer in die ontwikkeling van uitvoermarkte vir Suid-Afrika ✓✓
  - Deelname in 'National Pavilion' uitstallings, waar regeringsministers toekomstige handelsooreenkomste vir sakeondernemings afhandel ✓✓
  - Verskaf ondersteuning in kredietfasiliteite, soos wanneer die regering besighede bystaan om lae rentekoers-lenings te bekom deur sekuriteit op sekere leningsooreenkomste te teken ✓✓
  - Die DHN verskaf sakeintelligensie deur marknavorsing te verskaf asook uitvoergeleenthede oorsee ✓✓
  - Tegnieese advies en kennis word deur die DHN verskaf rakende sake soos produkspesifikasie, advertensies en bemarking ✓✓
  - Verskaf versekeringskontrakte vir uitvoertransaksies ✓✓
  - Ander toelaes is:
    - Belastingtoegewings op verdienste uit uitvoere ✓✓
    - Belastingtoegewings op kapitake beleggings in die produksie van uitvoergoedere ✓✓
    - Implementeer Uitvoerprosesseringsones om uitvoer investeringsfirmas te trek deur belastinguitsonderings te bied en minder arbeidsbeperkings ✓✓
  - Die owerheid verskaf inligting oor uitvoermarkte om uitvoere te stimuleer ✓✓
  - Ander voorbeelde is navorsing oor nuwe markte, konsessies oor vervoerkoste, uitvoerkrediet ✓
- Subsidies: ✓
  - Aansporings wat uitvoerders aanmoedig om die omvang van hul produksie te verhoog ✓✓
  - Dit sluit direkte en indirekte subsidies in:
    - Direkte subsidies: kontantbetalings aan uitvoerders ✓✓
    - Indirekte subsidies: terugbetaling van invoertariewe en algemene belastingrabatte ✓✓

- Handelsneutraliteit: ✓
  - Subsidies gelyk aan die grootte van invoerheffings word betaal ✓✓
  - Neutraliteit kan bereik word deur handelsliberalisering ✓✓
  - Ondervind groei in uitvoere as die verhoogde koste-effekte van beskerming deur subsidies geneutraliseer word ✓✓

### Redes vir uitvoerbevordering:

- Uitvoere help om te betaal vir die goedere wat ons moet invoer, en verbeter die betalingsbalans / verdien buitelandse valuta ✓✓
- Uitvoerbevordering verskaf finansiële bystand vereis deur binnelands doeltreffende besighede om meer mededingend te raak ✓✓
- Uitvoerbevordering kan ook lei tot 'n styging in Suid-Afrika se handel wêreldwyd ✓✓
- Dit stimuleer nywerheidsontwikkeling, wat baie belangrik is vir ekonomiese groei en die ontwikkeling in die land ✓✓
- Die land bereik aansienlike uitvoergeleide ekonomiese groei ✓✓
- Uitvoerbevordering vergroot die produksiekapasiteit van die land omdat meer vervaardiging-industrieë opgerig word ✓✓
- Uitvoermarkte is baie groter as plaaslike markte en om toegang daartoe te verkry, is baie groter volume in produksie nodig ✓✓
- Meer werkers sal indiensgeneem word as gevolg van die verhoogde volume geproduseer ✓✓
- Pryse sal daal as gevolg van groter volume goedere geproduseer ✓✓

### Voordele:

- Geen beperkings op grootte of skaal nie aangesien wêreldmark baie groot is ✓✓
- Produksie word gebaseer op koste en doeltreffendheid ✓✓ georganiseer volgens die komparatiewe voordele ✓✓
- Verhoogde binnelandse produksie lei tot groei in uitvoere en invoere (verskaf buitelandse valuta om te betaal vir noodsaaklike invoere) ✓✓
- Wisselkoerse is meer realisties ✓✓ geen wisselkoersbeheer of kwantitatiewe beperkinge bestaan nie ✓✓
- Verhoogde indiensneming geleenthede, verbeter inkome en vaardighede ✓✓
- Verhoogde grootte van binnelandse besighede en styging in aantal produsente sal lei tot verhoogde mededinging, meer doeltreffende uitset, laer pryse en groter verskeidenheid van goedere / inflasie kan verlaag word ✓✓

### Nadele van uitvoerbevordering:

- Die reële produksiekoste is verborge ✓
  - Dit verminder die totale koste by subsidies en aansporings ✓✓
  - Die werklike produksiekoste word versteek deur die subsidies ✓✓
  - Die produk mag dus nooit in staat wees om in die opemark mee te ding nie ✓✓
- Gebrek aan mededinging ✓
  - Aansporings en subsidies verlaag pryse en dwing mededingers wat in staat is om volhoubare en winsgewende besighede op te rig, uit die mark ✓✓
  - Totale potensiële handel word dus verminder met subsidies eerder as daarsonder ✓✓



- Verhoogde tariewe en kwotas ✓
  - Oorsese lande mag weerwraak neem met tariewe en selfs kwotas as soortgelyke goedere plaaslik verkoop word benede hul werklike produksiekoste ✓✓
  - Magtige oorsese besighede kan dit bekostig om soortgelyke produkte teen aansienlik laer pryse aan te bied ✓✓
  - In vergelyking met hul produksie, mag gesubsidieerde besighede in die plaaslike mark so klein wees dat besigheid wat subsidie ontvang, vernietig ✓✓
- Beskerming van arbeidsintensiewe nywerhede ✓
  - Ontwikkelde lande handhaaf dikwels hoë vlakke van effektiewe beskerming van hul nywerhede wat arbeidsintensiewe goedere produseer, waar ontwikkelende lande alreeds 'n komparatiewe voordeel geniet of kan bereik ✓✓
  - Uitvoerbevordering lei tot die beskerming van arbeidsintensiewe nywerhede deur ontwikkelde lande ✓✓
  - Verhoogde uitvoere is storting, wat buitelandse firmas in staatstel om 'n groter markaandeel te verkry en plaaslike produsente uit die mark dwing ✓✓ (26)

## INHOUD: ADDISIONELE DEEL

Beskerming was suksesvol deurdat:

- nywerheidsontwikkeling bevorder word deur te fokus op die implementering van tegnologie en markte (byvoorbeeld die NNBR) ✓✓
- stabiele loonvlakke bereik word deur die bekendstelling van 'n nasionale minimumloon wat in alle sektore van indiensneming toegepas word, en die produktiwiteit van werkers positief beïnvloed ✓✓
- sekere strategiese sleutelnywerhede soos Sasol en Mittal Staal verskaf is wat die nasionale onafhanklikheid verseker het ✓✓
- sekondêre nywerhede ontwikkel is soos byvoorbeeld in die verskaffing van elektrisiteit, meganiese dienste en die bounywerheid wat meer gedifferensieerde ekonomie met groter ekonomiese stabiliteit geskep het ✓✓
- natuurlike hulpbronne beskerm is soos rooibostee en die beskerming van inheemse kennis wat toegelaat het dat die Hoodia plant gebruik kon word vir medisinale doeleindes ✓✓

Beskerming wat nie suksesvol nie omdat:

- sekere nywerhede nie beskerm was teen prys sny / storting van buitelandse goedere en dienste nie ✓✓ byvoorbeeld die storting van hoender deur die VSA ✓
- nywerhede wat wel beskerming geniet het, neig om afhanklik te raak en nie finansieel daarsonder kan oorleef nie ✓✓
- die stygende werkloosheidsyfers (29%) die lewenstandaard bedreig omdat 'n laer vraag 'n negatiewe impak op plaaslike produksie het ✓✓
- die nadele van hoër pryse teen die voordele van laer ingevoerde pryse moeilik opweeg oor die langtermyn ✓✓
- dit invoervervanging aanmoedig, maar nie uitvoer van goedere as gevolg van 'n gebrek aan owerheidssubsidies. Onderdruk ekonomiese groei en werkskepping ✓✓
- dit moeilik is vir die owerheid om te bepaal wanneer om beskerming uit te faseer, want as dit te vinnig gebeur, laat dit die nywerhede kwesbaar ✓✓
- die inflasiespiraal aktiveer, omdat die koste betrokke by beskerming impliseer dat plaaslik vervaardigde goedere duurder is as ingevoerde goedere ✓✓
- dit moeilik is om 'n beleid van beskerming te ontwerp waar besluit word of 'n sekere nywerheid tot voordeel van die hele land is of nie ✓✓

[40]

- dit moeilik is om kleuternywerhede te identifiseer waar tydelike beskerming toegeken word ✓✓ (Maks 10)  
(Aanvaar enige ander korrekte relevante hoër orde antwoorde)

### **SLOT**

Wêreldekonomieë groei en ontwikkel op beter internasionale verhoudings met ander lande deur verskillende handelsbeleide soos invoervervanging en vryhandel toe te pas

### **VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES**

- **Bespreek in detail die Suid-Afrikaanse pogings (inisiatiewe) in streeks-ontwikkeling.** (26 punte)
- **Hoe suksesvol was die owerheid om nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika te bevorder?** (10 punte) [40]

**INLEIDING**

Streeksontwikkeling verwys na beleide wat mik na verbeterde ekonomiese bestaan op spesifieke gebiede of streke ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

(Maks 2)

**INHOUD: HOOFDEEL****RUIMTELIKE ONTWIKKELINGSINISIATIEWE ✓**

- ROI is 'n beleid wat volhoubare nywerheidsontwikkeling bevorder in gebiede waar armoede en werkloosheid op hul hoogste is ✓✓
  - Dit kan gedefinieer word as 'n skakel tussen belangrike ekonomiese spilpunte en streke in 'n land ✓✓
  - Die bedoeling was om ROI's te laat groei deur van privaatsektor investering gebruik te maak ✓✓
  - Die staat het inwaartse investering aangemoedig deur die toestaan van aansporings ✓✓
  - Die publieke/privaat vennootskappe bevorder die ekonomiese potensiaal van onderontwikkelde gebiede ✓✓
  - In 'n PPV kan 'n private besigheid die kapitaal vir die oprig van die fabriek verskaf en vir die aankoop van grondstowwe en indiensneming van arbeid, terwyl die owerheid die kapitaal vir infrastruktuur verskaf ✓✓ bv. Paaie en water ✓
  - Daar is twee tipes PPV's wat verskillend vergoed word: eenvormige betalings en gebruikersfooi ✓✓
  - Die ROI is betrokke by interdepartementele beleggingstrategie wat deur die DHN en departement van vervoer gelei is ✓✓
  - Die staat se nywerheidsbeleid streef na balans tussen openheid en bevordering van plaaslike mededingendheid deur binnelandse ekonomie oop te stel vir internasionale mededinging ✓✓
  - DHN is die dryfkrag agter nywerheids- en ruimtelike ontwikkeling ✓✓
  - Vertrou op netwerk met ander sentrale provinsiale staatsdepartemente, NOK, parastatale soos Telkom, Eskom en Transnet en navorsingsinstellings om ontwikkeling te beplan en te monitor ✓✓
- 
- Sleutelbeleid bly volhoubare nywerheidsontwikkeling in gebiede waar armoede en werkloosheid op hul hoogste is ✓✓
  - ROIs fokus op hoëvlak ondersteuning in gebiede waarv sosio-ekonomiese toestande gekonsentreerde staatsbystand vereis en inherente ekonomiese potensiaal bestaan ✓✓
  - ROI se doelwit is om investering spoedig te verkry en sinergie tussen verskillende tipes investering te maksimeer ✓✓

**Doelwitte van Ruimtelike Ontwikkelingsinisiatiewe:**

- Ontwikkel die fisiese infrastruktuur soos paaie en hawens ✓✓
- Stimuleer ekonomiese aktiwiteite in die onderontwikkelde gebiede ✓✓
- Skep werk en stimuleer ekonomiese groei in die onderontwikkelde gebiede ✓✓
- Ontwikkel inherente ekonomiese potensiaal in die onderontwikkelde gebiede ✓✓
- Lok privaatsektor en buitelandse direkte investering (BDI) ✓✓
- Skep publieke/privaatsektor vennootskappe (PPV) ✓✓



**NYWERHEIDSONTWIKKELINGSONES (NOS'e) ✓**

- Fisies omheinde nywerheidsgebied, omhein en verbind aan 'n hawe of lughawe ✓✓
- Hierdie gebiede heffingsvrye invoergebiede ✓✓
- Hierdie strategie was gemik daarop om uitvoere internasionaal meer mededingend te maak ✓✓
- Hulle fokus op die skepping van werksgeleenthede en bevordering van uitvoere ✓✓
- Goedere geproduseer in hierdie sones behoort na die buiteland uitgevoer te word ✓✓
- As dienste van buite verskaf word, behoort die ekonomie in hierdie gebiede gestimuleer te word ✓✓
- 'n NOS bied 'n wêreldklas infrastruktuur, geniet 'n zero koers BTW op voorrade uit Suid-Afrikaanse bronne asook 'n verlaagde belasting op sekere produkte ✓✓

NOSe is gevestig vir die bevoordeling van:

- ondersteuning aan maatskappye wat gevestig word ✓✓
- toegang tot vervoer vir uitvoerdoeleindes ✓✓
- kwytstelling van invoerregte op produkte geproduseer vir uitvoer ✓✓
- subsidies in verskaffing van vaardigheidsopleiding vir werknemers ✓✓

Elke NOS is ontwerp om:

- 'n bestemming te verskaf vir die daarstelling van strategiese investering ✓✓
- bevorder en ontwikkel 'n verband tussen binnelandse en sone-gebaseerde nywerhede ✓✓
- maak eksploitering van hulpbron-intensiewe nywerhede moontlik ✓✓

**SESIALE EKONOMIESE SONES ✓**

- Dit skep 'n basis vir 'n breër verskeidenheid van nywerheidsparke en verskaf ekonomiese infrastruktuur om werkverskaffing te bevorder ✓✓
- Geografies afgebakende gebied waar spesifieke ekonomiese aktiwiteite geïdentifiseer is om te ontwikkel ✓✓
- Hierdie gebiede geniet aansporings soos belastingverligting en ondersteuningstelsels om nywerheidsontwikkeling te bevorder ✓✓
- Daar is planne om belasting tot 15% te verlaag as aansporing om nuwe nywerhede te lok ✓✓
- Die doelwit in die skepping van 'n SES is lok:
  - Slegs nuwe besighede ✓✓
  - Besighede wat 'n nuwe produklyn ontwikkel ✓✓
  - Besighede wat hul volume uitbrei ✓✓
- Die DHN het aangedui dat die bestaande NOS'e waar spesiale belastingaansporings nie toegepas word nie, mettertyd sal inskakel by SES'e ✓✓

**KORRIDORS ✓**

- Korridors in Suid-Afrika is ruimtelike gebiede wat spesifieke voordele in mynbou, vervaardiging en ander besighede bied ✓✓
- Die voordele sluit die aanwesigheid van bestaande infrastruktuur en die spesialisasie van produkte of dienste in ✓✓
- Hierdie korridors is ontwikkelingsgebiede binne Suid-Afrika en is die ontwikkelingsprioriteite van alle ontwikkelingsagentskappe ✓✓

Die DHN verskaf hulp in die ondersteuning van die ontwikkelingskorridors, bv. die Maputo korridor wat in Gauteng begin en verleng deur Mpumalanga tot by die Maputo hawe, en geleentheid bied vir die vervoerindustrie ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks 26)

## INHOUD: ADDISIONELE DEEL

### Owerheid het nywerheidsontwikkeling bevorder deur:

- Implementering van GEAR wat gefokus het op bevordering van groei in die ekonomie, alhoewel dit nie suksesvol was nie omdat reële BBP groei nie op alle vlakke aangetref word nie ✓✓
- Die Nuwe Groeipad (NGP) wat gefokus het op die verbetering van sekere vaardighede wat besighede wêreldwyd sou lok hierheen en langtermyn ekonomiese groei verseker, nog nie 'n verlaging in die aantal werklose mense gesien nie ✓✓
- Die Nasionale Nywerheidsbeleidsraamwerk (NNBR) is 'n toepaslike beleid gemeet aan beste praktyk, alhoewel verhinder deur die werkloosheidsprobleem ✓✓
- Besteding van groot bedrae op die verbetering van infrastruktuur deur die ROI's in instandhouding, verbetering, uitbreiding van infrastruktuur ; toegang tot toepaslike, moderne, effektiewe en doeltreffende infrastruktuur en dienste, was dit steeds nie genoeg om werkloosheid te verminder nie ✓✓
- Implementering van NOS'e, alhoewel sommige NOS'e 'n lae groei getoon het as gevolg van aansporings wat nie aantreklik genoeg was om genoeg gevestigde besighede te lok nie ✓✓
- Bekendstelling van SES'e om die negatiewe elemente van die NOS'e aan te spreek deur addisionele aansporings te verskaf ✓✓
- Bevordering van kleinsake-ontwikkeling was redelik suksesvol as gevolg van die verbeterde toegang tot finansiering en kapitaal wat entrepreneurskap bevorder het en bygedra het tot doeltreffende en kompeterende markte ✓✓
- Bevordering van streeksontwikkeling alhoewel dit steeds oneweredig versprei is en gekonsentreerd is in die vier groot metropole ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante hoër orde antwoord) Maks (10)

### SLOT

Dit is die uiteindelijke verantwoordelikheid van die owerheid om te verseker dat behoorlike en effektiewe beleide en beleidsrigtings gegee word aan die totale ontwikkeling van die land. Elke gebied in die land behoort oorweeg te word vir ontwikkeling en groei. Die nywerheidssektor word geormerk as veiligheidsnet vir die miljoene werklose mense in die landelike gebiede ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante hoër orde antwoord) Maks (2) (40)

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**GROOTTOTAAL: 150**